

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

**Vandag se preke gaan oor die tema:
Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken**

Week 4 – Ek kniel sodat julle vervul sal word met die volheid van God

Ons kom die week by die hoogtepunt van die inhoud van die gebed van Paulus. Mense het dit al as die hoogste bergpiek van die gebed beskryf. Daar is niks hoër of groter wat jy iemand kan toebid en wat jy self kan beleef nie as om vervul te word met die volheid van God.

Alles in die gebed tot hiertoe bou op na die klimaks. Om deur die Heilige Gees innerlik sterk te word sodat Christus in jou kan woon. Om dan gewortel en grondves te wees en daaruit die liefde van God te ken, het die gevolg dat gelowiges vervul word met die volheid van God.


In 'n sin is die woorde van die gebed ondeurdringbaar en onverstaanbaar. Ons sal dit eers eendag ten volle verstaan wanneer ons nie meer soos in 'n dowwe spieël 'n raaiselagtige beeld sien nie. Dan sal ons God sien soos Hy is en in sy heerlijkheid deel.

In 'n andere sin is dit egter vir ons as gelowiges hier op aarde al beskore om vervul te word met die volheid van God. Anders sou Paulus dit sekerlik nie gebied het nie. Ons mag nie maar tevrede wees met die feit dat ons tot geloof gekom het nie, maar moet streef, soek en bid vir verdere groei in ons verhouding met God.

Hiervoor moet ons bid, want verstaan kan ons dit nie en uit ons eie krag kan dit verseker nie gebeur nie.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

- 1.1. GROEI in jou verhouding tot God
- 1.2. Wat dit NIE beteken om vervul te word met die volheid van God nie
- 1.3. Wat dit WEL beteken om vervul te word met die volheid van God
- 1.4. HOE om vervul te word met die volheid van God
- 1.5. Jan Geertsema deel met ons sy ervaring van groei in verhouding met die Here



Tema van Fokustyd:

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en beleving van ons identiteit in God

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Die verandering begin waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.



FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Inleiding: Ek kniel in gebed voor ons VADER

Week 1: Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

Week 2: Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

Week 3: Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

Week 4: Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

Week 5:
Ek kniel sodat God geëer kan word

So werk die Fokustyd:

Die bedoeling van die Fokustyd is dat ons as gemeente vir vyf weke op 'n gesamentlike saak fokus. Beskou dit as 'n afsonderings- of stiltetyd vir die gemeente.

Die Fokustyd vind op drie vlakke van ons geloofslewe plaas.

1. Daar is vyf dagstukkies geskryf wat 'n hulpmiddel is vir jou persoonlike stiltetyd of huisgodsdien. Maak vir jou 'n vaste tyd en kweek sommer die gewoonte aan om geroetineerd binnekamergodsdien te hou.
2. Daar is 'n groepsriglyn wat gebruik kan word in huisgodsdien, tydens klein-groepsbyeenkomste of Bybelstudiebyeenkomste. Sluit by bestaande kleingroepe aan of begin jou eie kleingroep – al is dit net vir die vyf weke. (Die kerkkantoor sal kan help met meer inligting oor kleingroepe.)
3. Sondae se eredienste sluit ook aan by die Fokustyd. Die oggend se preek word ook in die internasionale diens gepreek en die aand se preek sluit by die betrokke tema aan.

Die ideaal is dat almal in die gemeente op al drie die vlakke betrokke is by die Fokustyd. Indien dit egter nie moontlik is nie, nooi ons jou in alle geval om deel te wees van die Fokustyd.